Walvisbaai, geleë in Suidwes-Afrika, is 'n onafskeibare deel van die Republiek van Suid-Afrika. Tot en met die 1946-sensus is bevolkingsyfers vir Walvisbaai by dié van die Kaapprovinsie ingesluit. In daaropvolgende sensusverslae en in hierdie verslag is die yfers vir Walvisbaai van dié van Suid-Afrika uitgesluit en gerieflikheidshalwe by die yfers van Suidwes-Afrika ingesluit.

2. Rassegroepe

Deurgaans in hierdie verslag word vier rassegroepe onderskei, naamlik Blankes, Kleurlinge, Asiate en Bantoes. Asiate is hoofsaaklik Indiërs en Pakistani's, maar sluit 'n paar duisend Sjinese en klein getalle ander Asiatiese nasionaliteite in. Kleurlinge sluit Kaapse Maleiers in.

Die Kleurlingbevolking van die Oranje-Vrystaat in hierdie verslag getoon, sluit 'n klein aantal Asiate in.

Die aangepaste yfers vir Blankes, Asiate en Kleurlinge wat in hierdie verslag getoon word (asook dié in die verslae vir die 1960- en 1951-sensus) verskil ietwat van die yfers gepubliseer in die sensusverslae vóór 1951, ten gevolge van klein veranderings in indeling.

Sekere teenstrydighede word weerspieël in die Kleurling- en Bantoebevolkingsyfers vir 1951 in sekere distrikte van die Kaapprovinsie. Dit moet aan 'n blykbaar foutiewe indeling toegeskryf word. Die distrikte wat in die besonder geraak word, is Adelaide, Colesberg, Cradock, Hay, Middelburg, Murraysburg, Philipstown en Prins Albert. In hierdie distrikte word die 1951-sensussyfers vir Kleurlinge te laag opgegee terwyl dié vir Bantoes te hoog opgegee word.

3. Sensusse van 1904 en 1911.

Die eerste gelyktydige sensusopname van die vier provinsies van Suid-Afrika het op 17 April 1904 plaasgevind. Daar sal opgelet word dat sommige distrikte en stedelike gebiede in 1904 groter bevolkings as in 1911 toon. Dit kan in 'n sekere mate verklaar word deur die teenwoordigheid van sowat 35,147 manskappe van militêre troepe wat gestasioneer was in die verskillende (stedelike) sentrums van die Republiek, en soos volg versprei was: Kaapprovinsie 9,994; Natal 3,774; Transvaal 14,149 (Barberton 202, Middelburg 2,939, Potchefstroom 2,434, Pretoria 5,577, Standerton 1,672 en Krugersdorp 1,318); en die Oranje-Vrystaat 7,230 (Bloemfontein 3,474, Harrismith 1,910, Kroonstad 1,226, Ladybrand 544 en 76 elders). Die meerderheid van hierdie troepe was Blankes.

Die Asiatiese bevolking is geraak deur die repatriasie van 26,782 persone (die Indiër Verligting Wet, 1914) tussen die jare 1911 en 1914.

In die 1904-sensusverslae vir die Kaapprovinsie en die Transvaal en in die 1911-sensusverslae vir al vier provinsies is Kleurlinge en Asiate ten opsigte van die landrosdistriktabulerings gekombineer.

Vir die provinsies as geheel, egter, toon die verslae besonderhede van die Kleurling- en Asiatiese bevolking apart. Hierdie syfers, beskou tesame met die gedetailleerde geografiese syfers soos deur die 1921-sensus getoon, het 'n basis verskaf vir die beraming van Kleurlinge en Asië in die plattelandse en stedelike gebiede van elke landdrostdistrik in 1904 en in 1911.

4. Aanbieding van Bevolkingsgewens

Vier basiese reekse bevolkingstabelle word getoon, met aanvang tabel 3.

Die tabel 3-reeks toon, vir elke landdrostdistrik, die stedelike en die plattelandse bevolking en 'n opsomming hiervan volgens die 51 ekonomiese streke en die 4 provinsies. Die oppervlakte in 1960 word ook vir elke distrik in vierkantmyl getoon.

Die tabel 4-reeks toon die stedelike bevolking volgens dorpe wat in elke landdrostdistrik geleë is. In die geval van Blankes word bo en behalwe die sewe sensusjare, die stedelike bevolking vir die 1926- en 1931-sensus getoon.

Die status en die oppervlakte in vierkantmyl vir elke dorp in 1960 word ook getoon.

Die tabel 5-reeks toon klein bevolkingsametrekkings, gewoonlik minder as altesaam 500 persone in 1960, wat volgens plekname geïdentifiseer word maar wat nie as stedelike gebiede nie maar as plattelandse dorpe beskou word wat deel van die plattelandse bevolking uitmaak.

Die landdrostdistrikte waarin die plattelandse dorpe geleë is, word getoon tesame met hul status en oppervlakte in vierkantmyl in 1960.

Die tabel 6-reeks toon ten opsigte van Suid-Afrika en die provinsies die bevolking van stedelike gebiede volgens ras en groottegroep.

5. Status van Stedelike Gebiede

In die reeks 4 tabelle word die status van elke dorp of soort plaaslike owerheid deur 'n letter aangedui. Die letters het die volgende betekenis:

- A. - Munisipaliteit in die Kaap en die Oranje-Vrystaat; Stadsraad in die Transvaal en Stadsraad (Borough) in Natal.
- B. - Dorpsbesture in die Kaap en die Oranje-Vrystaat; Dorpsrade in die Transvaal en Dorpsbesture in Natal.
- C. - Plaaslike Rade in die Kaap en Gesondheidskomitees in Natal en die Transvaal.
- D. - Plaaslike Gebiede in die Kaap en die Transvaal en Openbare Gesondheidsgebiede in Natal.
- E. - Substedelike gebiede.
- F. - Kwasie-stedelike Dorpe.
- G. - Plattelandse Dorpe.

6. Afkortings en Simbole gebruik

S.A. - Suid-Afrika	N. - Noord
K. - Kaap	S. - Suid
N. - Natal	O. - Oos
T. - Transvaal	W. - Wes.
O.V.S. - Oranje-Vrystaat	
Sted. - Stedelik	B. - Blankes
Plat. - Plattelands	K. - Kleurlinge
Tot. - Totaal	A. - Asië
Ged. - Gedeelte	Ban. - Bantoes
M.Kam. - Mynkampong.	

.. Gegewens nie beskikbaar nie
- Nul

M. Vierkantmyl

1. Vorige sensusse

Vir vorige bevolkingsensusse in Suid-Afrika tot en met die sensus van 1946, is "stedelike gebiede" omskryf as 'n gebied met grense wat bekend is en met die een of ander vorm van plaaslike bestuur wat wettiglik gekonstitueer is. Alle stede en dorpe wat aldus gekonstitueer is, afgesien van die grootte van die bevolking of die status van die plaaslike owerheid, is as stedelik ingedeel. Alle ander gebiede, met inbegrip van verstedelike bevolkingsametrekkings wat uitgeken kan word, afgesonder van of aangrensend aan gebiede onder die beheer van 'n plaaslike of stedelike vorm van owerheid, selfs al het hulle plekname gehad, is as plattelands ingedeel. Die verstedelike gebiede in die buitegebiede van 'n stad of dorp is as "plattelandse voorstede" aangedui.

2. Die sensus van 1951

Die definisie van stedelike gebied is vanaf 1951 gewysig om alle bevolkingsametrekkings van 'n stedelike aard in te sluit, afgesien van grense by wet vasgestel en status. Die uitdrukking "plattelandse voorstad" is deur die uitdrukking "substedelike gebied" vervang en sulke gebiede is almal as stedelik ingedeel.

3. Substedelike gebiede

"Substedelike gebiede" van groot dorpe of stede is woon- en "verstedelike" gebiede wat buite, maar aangrensend aan, munisipale grense geleë is. Hierdie gebiede mag verskillende of geen soort van stedelike plaaslike owerheid hê nie. Alhoewel die gebiede nie onder die jurisdiksie van die moedermunisipaliteit ressorteer nie, word hulle vir sensusdoeleindes as deel van die dorp beskou omdat hulle van 'n stedelike aard is en met die oog op die feit dat hulle ekonomies en andersins nou verbonde aan die moedermunisipaliteit is. Substedelike gebiede kan mynkampongs, Bantodorppe, ens., insluit.

4. Metropolitaanse gebiede

'n Verdere stedelike begrip is sedert 1951 ingevoer, naamlik die "metropolitaanse gebied". "Metropolitaanse gebied" omvat 'n moederdorp of -munisipaliteit en alle substedelike gebiede van die moederdorp. 'n Metropolitaanse gebied kan ook meer as een wettiglik gekonstitueerde plaaslike owerheidsgebied insluit, benewens substedelike gebiede.

5. Plaaslike dorpe en kwasie-stedelike gebiede.

Daar is ander gebiede met bevolkingsametrekkings, afgesonder van en ver van groot stede af geleë wat deur plekname geïdentifiseer is, maar sonder enige erkende vorm van stedelike plaaslike owerheid. Hulle is óf dorpe óf dunbevolkte woongebiede. By vroeëre sensusse is die uitdrukking "plaaslike dorp" gebruik om hierdie gebiede aan te dui. Sommige van hierdie gebiede is hoofsaaklik plaaslik van aard, byvoorbeeld landbouhoewes en besproeiingskemas, en vanaf 1951 is die uitdrukking "plaaslike dorp" tot dié gebiede beperk. Ander is stedelik van aard en kan as stedelike gebiede ingedeel word, selfs al het hulle geen wettige stedelike owerheid nie. Sulke gebiede sluit byvoorbeeld gemeenskappe soos kerksendingstasies en spoorweg-, myn- en nywerheidsdorpe in, waar die betrokke gesaghebbendes of maatskappye verantwoordelikheid vir die bestuur en welsyn van die gemeenskap aanvaar. Die term wat vanaf die 1951-bevolkingsensus gebruik word om sulke gebiede aan te dui, is "kwasie-stedelike dorpe". 'n "Kwasie-stedelike dorp" is vanaf 1951 as stedelik ingedeel.

6. Die 1960-sensus.

Vanaf die datum van die 1960-sensus is alle gebiede met 'n bevolking van 500 en meer, met of sonder enige vorm van plaaslike owerheid, as stedelik ingedeel, met die volgende uitsonderings:

- (a) Alle substedelike gebiede, afgesien van grootte van totale bevolking, is as stedelik ingedeel.
- (b) Goedgevestigde klein dorpe met 'n bevolking van minder as 500 is as stedelik ingedeel, as die dorpe oor 'n aantal van die gewone stedelike geriewe beskik het.
- (c) Gebiede met 'n bevolking van meer as 500 persone is as plattelands ingedeel as hul oorwegend plattelands van aard was.

7. Distrikte sonder enige plattelandse gebied

Daar moet ook gemeld word dat die plattelandse gedeelte van sekere distrikte waaronder groot metropolitaanse gebiede geressorteer het, in die sensusverslag van 1960 (met ooreenstemmende syfers vir 1951) as stedelik ingedeel is. Die plattelandse gedeeltes is klein, en 'n aansienlike deel van die bevolking in hierdie gebiede het 'n beroep van 'n stedelike aard. Dus is die vier distrikte van die Kaapse Skiereiland, naamlik die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville, wat met die ekonomiese streek O1 ooreenstem, vir die sensusjare 1960 en 1951 as heeltemal stedelik ingedeel. Ten opsigte van sensusse tot 1951, word die plattelandse gedeeltes van hierdie distrikte, indien daar is, getoon.

Eweneens is die volgende distrikte van die Rand, naamlik Johannesburg, Germiston, Benoni en Springs vir die doel van die 1960- en 1951-sensus ook as heeltemal stedelik ingedeel. Boksburg en Brakpan is trouens geheel en al stedelik met glad geen plattelandse dele nie.

8. Stedelike gebiede met uitbreiding tot in twee of meer distrikte

Daar bestaan 'n paar gevalle waar 'n munisipale gebied uitgebrei het van die moederdistrik tot binne een of meer aangrensende distrikte. Die munisipale gebied van Boksburg het byvoorbeeld nou klein gedeeltes in al die omliggende distrikte van Benoni, Germiston, Heidelberg en Kempton Park. Waar die bevolking van hierdie gedeeltes in die aangrensende distrikte klein is, is die bevolkingsyfers oorgeplaas na die distrik waarin die vernaamste deel van die munisipale gebied geleë is, sodat die bevolking van die hele dorp onder een distrik getoon word en nie onder etlike distrikte verdeel is nie. Die dorpe wat geraak word, is Johannesburg, Germiston, Boksburg, Brakpan en Krugersdorp.

Insgelyks ressorteer sommige van die Bantoedorpe in die kompleks Suidwes-Johannesburg in die geheel of gedeeltelik onder die distrik Roodepoort, maar aangesien hulle deur die Stadsraad van Johannesburg bestuur word en as deel van die Johannesburgse distrik opgeneem is, is hulle gegewens by die syfers van die distrik Johannesburg ingesluit. Die betrokke dorpe is Emdeni, Jabulani, Mhapetla, Moletsane, Naledi, Phiri, Tlade, Senaoane en Zola.

9. Plattelandse gebiede

Daar moet duidelik op gelet word dat die bevolking wat in plattelandse gebiede woon, soos in hierdie verslag ingedeel, nie enkel en alleen die boerebevolking of die bevolking wat ten tyde van die opname op plase gewoon het, uitmaak nie. Afgesien van die feit dat, sover dit bevolkingsensusse betref die opname op 'n de facto- en nie 'n de jure- basis geskied nie, behels die plattelandse bevolking die aantal persone wat ten tyde van die sensus op plase opgeneem is, plus die "plattelandse nie-plaas"-bevolking. Laasgenoemde groep sluit in klein en ongenoemde plekke soos plattelandse winkels, spoorwegstasies en -haltes, klein plekkies met 'n poskantoor en/of polisiekantore met 'n paar wonings, klein sendingstasies, ens.

Daarenteen word 'n sekere mate van landboubedrywighede, soos melkerye, tuibou, pluimveeteelt, ens. binne die geproklameerde grense van baie stedelike gebiede beoefen.

Die bevolking in plattelandse gebiede is natuurlik nie noodwendig eweredig versprei nie. In die Bantoegebiede, byvoorbeeld, is daar Bantoeedorpies wat dig bevolk is en met 'n betreklike klein oppervlakte. Hierdie sametrekking is hoofsaaklik van 'n landbou- en plattelandse aard. Daar blyk egter geen rede te wees nie waarom hierdie plattelandse sametrekking, mits hulle behoorlik geïdentifiseer kan word, nie ook afsonderlik onder "plattelands" getabuleer kan word nie.

10. Woordomskrywing van "stedelike" en "plattelandse" in hierdie publikasie gebruik

Hierdie verslag gebruik die jongste woordomskrywing soos hierbo uiteengesit, uitgesonderd dat die skeidslyn tussen "stedelik" en "plattelands" soos vir die indeling van "stedelik" en "plattelands" in 1960 gebruik, naamlik 500 persone, strenger toegepas is. Voorts is gebiede wat in 1960 as "stedelik" of "plattelands" ingedeel is, dwarsdeur die tydperk van 1904 tot 1960 as "stedelik" en "plattelands" behandel.

Op dié basis word die bevolking van elke individuele gebied in die tabelle in hierdie verslag op 'n identiese basis vergelyk wat betref oppervlakte en grense vanaf 1904 tot 1960.

Daar moet opgemerk word dat die woordomskrywing van "stedelike gebied" wat in hierdie verslag aangevaar word, eweredige indelings meebring van die bevolking wat van 1904 tot 1960 in stedelike (en plattelandse) gebiede woonagtig was wat nie wesenlik verskil van die eweredige indelings van die bevolking wat as "stedelik" (of "plattelands") ingedeel is volgens die woordomskrywings wat voorheen by elke sensus voor 1960 gebruik is nie.

Distrik	1904	1911	1921	1931	1941	1951	1960
Benoni	100	150	200	250	300	350	400
Germiston	120	180	240	300	360	420	480
Johannesburg	150	220	300	380	460	540	620
Krugersdorp	80	120	160	200	240	280	320

Die tabelle in hierdie verslag toon die bevolking van elke gebied in die verslag op 'n identiese basis vergelyk wat betref oppervlakte en grense vanaf 1904 tot 1960.

Distrik	1904	1911	1921	1931	1941	1951	1960
Boksburg	110	160	210	260	310	360	410
Brakpan	90	130	170	210	250	290	330
Roodepoort	130	190	250	310	370	430	490

Die tabelle in hierdie verslag toon die bevolking van elke gebied in die verslag op 'n identiese basis vergelyk wat betref oppervlakte en grense vanaf 1904 tot 1960.

Distrik	1904	1911	1921	1931	1941	1951	1960
Simonstad	70	100	130	160	190	220	250
Wynberg	60	80	110	140	170	200	230
Bellville	50	70	90	110	130	150	170

Die tabelle in hierdie verslag toon die bevolking van elke gebied in die verslag op 'n identiese basis vergelyk wat betref oppervlakte en grense vanaf 1904 tot 1960.

Distrik	1904	1911	1921	1931	1941	1951	1960
Kaap	40	50	60	70	80	90	100
Simonstad	30	40	50	60	70	80	90
Wynberg	20	30	40	50	60	70	80

DEEL 3 - DIE OPPERVLAKTE VAN SUID-AFRIKA, DIE PROVINSIËS
EN LANDDROSDISTRIKTE EN VERANDERINGS IN DISTRIKGRENSE EN

-OPPERVLAKTES

1. Oppervlakte

Die oppervlakte van Suid-Afrika, soos gepubliseer in die sensusverslae van vorige jare, verskil van dié wat in die 1960-bevolkingsenslusverslag gepubliseer is en dié volgens die jongste opmeting.

Die oppervlakte, in vierkantmyl, soos in die 1904-verslae getoon, vergeleke met die oppervlakte in 1965, is soos volg:-

Suid-Afrika, Oppervlakte in Vierkantmyl

	Kaap	Natal	Transvaal	Oranje-Vrystaat	Totaal
Oppervlakte in 1904	276,565	35,371	111,196	50,392	473,524
Heropmeting	+ 1,815	-1,792	- 1,575	- 526	- 2,079
Oppervlakte in 1965	278,380	33,578	109,621	49,866	471,445

Oppervlakteverandering het oor die hele 61-jarige tydperk vanaf 1904 tot 1965 voortgeduur, grotendeels as gevolg van die heropmeting van die oppervlaktes van landdrosdistrikte soos en wanneer distriks-grensverandering plaasgevind het. 'n Groot skaalse heropmeting van alle landdrosdistrikkoppervlaktes het kort na die 1921-sensus plaasgevind en weer in 1953.

2. Getal landdrosdistrikte en verandering in die oppervlaktes daarvan

Daar was in 1904 altesaam 107 landdrosdistrikte. Tot die einde van 1965 is 105 nuwe distrikte gestig. In Desember 1965 het die totale getal landdrosdistrikte op 301 te staan gekom.

Die volgende tabel toon, meestal virtussenposes van vyf jaar, die getal nuwe distrikte in elke provinsie geskep.

Netto stigting van nuwe landdrosdistrikte

Jaar of Tydperk	Kaap	Natal	Transvaal	Oranje-Vrystaat	Totaal
Bestaande in 1904	107	42	23	24	196
1904-11	8	-	-	-	8
1911-21	3	1	3	-	7
1921-26	2	-	7	3	12
1926-31	6	-	6	6	18
1931-36	-	1	2	-	3
1936-41	4	-	1	1	6
1941-46	1	-	3	1	5
1946-51	2	-	3	3	8
1951-56	-	-	5	5	10
1956-60	2	-	-	2	4
1960-65	7	3	10	4	24
Totale nuwe distrikte	35	5	40	25	105
Totaal 1965	142	47	63	49	301

Bostaande tabel toon die netto posisie. Dit toon nie distrikte wat ná 1904 ontbind is en wat op 'n latere datum miskien heringestel is nie; dit toon ook nie nuwe distrikte wat ná 1904 gestig en daarna ontbind is nie. Nadere besonderhede word in die aanhangsels aan die einde van hierdie verslag getoon.

Van die 107 oorspronklike distrikte in die Kaapprovinsie, het 29 distrikte van 1904 tot 1965 geen landdrosdistriks-grensverandering ondergaan nie. Veertien van hierdie distrikte was in die Transkei geleë. Eweneens is die oppervlakte van elf distrikte in Natal en een in die Transvaal nie deur enige grensverandering geraak nie.

Daar behoort egter op gelet te word dat op slegs 'n paar uitsonderings na, die oppervlakte van ál die oorspronklike 196 distrikte wat in 1904 bestaan het, verander is as gevolg van wysigings deur latere heropmetings. Daarenbove is in 'n aantal gevalle die oppervlakte van nuut gestigte distrikte van tyd tot tyd aan verandering as gevolg van heropmeting onderwerp.

Gedurende die afgelope 60 jaar het daar gemiddeld 9 verandering van landdrosdistriks-grense per jaar plaasgevind. Ongeveer die helfte van hierdie verandering was die gevolg van grense wat verander het wanneer nuwe distrikte gestig is, en die ander helfte is veroorsaak deur tussendistrikse grensverandering in die geval van bestaande distrikte. Aangesien 'n grensverandering minstens twee distrikte raak, was die werklike getal landdrosdistrikte wat deur enige verandering geraak is meer as twee keer so hoog, en het 'n gemiddelde van ietwat meer as 18 per jaar getoon.

Wat die grootte aanbetref, raak die stigting van 'n nuwe distrik die oppervlakte van die distrik(te) waarvandaan dit afkomstig is, in 'n aansienlike mate.

Tussendistrikse oppervlakteverandering is, aan die ander kant, minder merkbaar, maar in 'n aantal gevalle kan die verandering betreklik betekenisvol wees.

3. Vergelykbaarheid van statistieke op 'n landdrosdistriksbasis

Uit die oorsig hierbo blyk dit duidelik dat voortdurende verandering in die oppervlakte van landdrosdistrikte 'n ernstige beperking in die vergelykbaarheid van statistieke oor 'n tydperk, uitmaak. Uitgesonderd in die geval van bevolkingstatistieke, soos hieronder verduidelik sal word, bestaan daar geen praktiese metode waarvolgens byvoorbeeld landbounerwerheidstatistieke vir enige besondere distrik oor 'n tydperk vergelykbaar gemaak kan word nie.

4. Verandering in plattelandse bevolkings veroorsaak deur verandering in die oppervlakte van landdrosdistrikte

Om die redes hierbo vermeld, is die bevolkings van distrikte soos met enige een sensus opgeneem, nie noodwendig vergelykbaar met dié wat by ander sensusse opgeneem is nie.

In hierdie verslag egter word die bevolking van die gebiede wat met die 1960-sensus as plattelandse ingedeel is, op 'n vergelykbare basis getoon ten opsigte van die getal landdrosdistrikte wat aan die einde van 1965 bestaan het, en wel vir elk van die sewe sensusjare.

Die nodige aanpassings ten opsigte van die bevolking is aangebring deur van die opsommingsboeke van sensusopnemers vanaf 1911, gebruik te maak. Hierdie boeke toon in aansienlike detail die persone wat in elke opnemer se gebied opgeneem is. In die meeste gevalle is dit dus moontlik om met behulp van die opsommingsboeke en tesame met die toepaslike kennisgewing in die Staatskoerant waarin die grense van nuwe distrikte of gewysigde grense van distrikte wat betrokke is, omskryf word, bevolkingsaanpassings te maak ten opsigte van vroeëre sensusgegevens ten einde dit met dié van latere sensusse vergelykbaar te maak. Dit is nie altyd moontlik om 'n besondere gebied wat van een distrik na 'n ander oorgeplaas is presies te identifiseer en die getelde plattelandse bevolkings dienooreenkomstig aan te pas nie. Dit is dikwels nodig gevind om van die digtheid van die plattelandse bevolking per vierkantmyl as basis vir die aanpassing gebruik te maak. Hierdie digtheidsyfer is dan op die getal vierkantmyl wat oorgeplaas is, toegepas.

Geen opsommingsboeke is beskikbaar ten opsigte van die "provinsiale" sensusse van 1904 voor die totstandkoming van die Unie nie. Die metode wat gevolg is om die plattelandse bevolkings vir elk van die 301 landdrosdistrikte in 1904 te beraam, was eerstens om die heropgemete oppervlakte van die 196 landdrosdistrikte in 1904, vas te stel en tweedens om die bevolking progressief aan te pas vir elke oppervlakteverandering volgens die eweredige verandering wat in die oppervlakte aangebring is. Hierdie

metode veronderstel natuurlik dat die gemiddelde digtheid van die bevolking wat oorgeplaas word, gelyk is aan die gemiddelde digtheid van die distrikse bevolking van die geheel. Dit is nie noodwendig altyd die geval nie, want daar is gevalle waar die bevolkingsdigtheid van oorgeplaasde gebiede van die gemiddelde digtheid van die distrik as geheel verskil.

Aanhangsel 1 toon die name van landdrostdistrikte wat bestaan het ten tyde van die 1904-sensus, en die jaar en maand waarin distrikte sedert 1904 gestig of ontbind is. Die jaar van stigting word soms as 1904-1911 getoon. Dit beteken dat die distrik op die een of ander datum tussen 1904 en 1911 gestig is.

Aanhangsel 2 toon die oppervlakte van landdrostdistrikte, en veranderings van 1904 tot 1965 aangebring.

Aanhangsel 3 is 'n alfabetiese lys plekname wat die ekonomiese streke waarin die plekke geleë is, toon.

DEEL 4 - SAMESTELLING EN VERSTEDELIKING VAN DIE BEVOLKING

1/

Die volgende tabelle toon, opsommenderwyse, die samestelling van die bevolking, die verstedeliking van die bevolking en die tussensensusgroei tempo's.

Tabel (i) toon rassesamestelling van die bevolking op 'n persentasiebasis volgens die provinsie en die gebiede ingedeel as stedelik of plaaslik, vir elke sensusjaar vanaf 1904. In hierdie tabel, asook in tabelle (ii) tot (v) hieronder en alle ander tabelle in hierdie verslag waarin stedelike en plaaslike gebiede getoon word, is die woordomskrywing van stedelik en plaaslik dieselfde as in Deel 2 omskryf.

Tabel (ii) verstrek in detail die persentasieverspreiding van die bevolking volgens ras in elke provinsie en in die stedelike en plaaslike gebiede. Die tabel toon dat die grootste konsentrasies van die Blanke en Bantoebevolkings in 1960 in die Transvaal saamgetrek was, maar in 1904 het die Kaap die grootste same-trekkings van dié rasse gehad. Onderskeidelik die Kaapprovinsie en Natal verteenwoordig die meerderheid Kleurlinge en Asiëte.

Tabel (iii) toon ten opsigte van elke rassegroep, van 1904 tot 1960, die persentasie wat woon in gebiede wat in 1960 as stedelik ingedeel is. In 1904 het 52.7 persent van die Blanke bevolking in die stedelike gebiede gewoon. In 1960 was die persentasie 83.3. Gedurende dieselfde tydperk het die persentasie van die Kleurlingbevolking in die stedelike gebiede woonagtig, van 50.5 tot 68.1 persent toegeneem. Die persentasie Asiëte het van 36.6 tot 83.1, en die persentasie Bantoe van 10.1 tot 37.1 toegeneem.

Tabel (iv) toon die totale bevolking en elke rassegroep volgens die grootte van bevolkingsame-trekkings, van minder as 500 tot 20,000 en meer.

Die tabel toon byvoorbeeld dat 83.3 persent van die totale Blanke bevolking in stede gewoon het waarvan die Blanke bevolking in 1960 van minder as 500 Blankes tot meer as 20,000 Blankes gewissel het. 'n Eenvoudige berekening toon dat 26.2 persent van die Blanke bevolking in dorpe gewoon het, elk met 'n totale Blanke bevolking van minder as 20,000. Soortgelyke gegewens word vir elk van die ander rassegroepe getoon, asook ten opsigte van die totaal van alle rasse.

As tabel (v) bestudeer word, moet die volgende punte in gedagte gehou word. Oor die tydperk 1911 tot 1914 is 26,782 Indiërvreemdelinge na hul lande van herkoms gerepatreer. Verder het die 1918-griep-epidemie die Kleurling- en Asiaatbevolking besonder swaar getref en dit word deur die syfers vir die tydperk 1911 tot 1921 weerspieël. Die 1951-sensus het die basis vir die Bevolkingsregister uitgemaak, en dit is moontlik dat etlike duisende Asiëte wat nie by vorige sensusse opgeneem is, hulle gehaas het om opgeneem te word ten einde in die Register ingesluit te word. (Kyk kolom vir Asiëte vir die tydperk 1964-1951).

Sensusjaar	Blanke		Kleurling		Asiëte		Bantoe	
	Stedelik	Plaaslik	Stedelik	Plaaslik	Stedelik	Plaaslik	Stedelik	Plaaslik
1904	52.7	10.1	50.5	36.6	10.1	10.1	10.1	10.1
1911	55.0	10.5	52.0	38.0	11.0	11.0	11.0	11.0
1921	58.0	11.0	55.0	40.0	12.0	12.0	12.0	12.0
1931	60.0	11.5	58.0	42.0	13.0	13.0	13.0	13.0
1941	65.0	12.0	62.0	45.0	14.0	14.0	14.0	14.0
1951	70.0	12.5	65.0	48.0	15.0	15.0	15.0	15.0
1960	83.3	13.0	68.1	50.5	37.1	37.1	37.1	37.1

TABLE (1) RACIAL COMPOSITION OF THE POPULATION ACCORDING TO PROVINCE AND URBAN OR RURAL AREA - Per cent

TABEL (1) RASSESTAMING VAN DIE BEVOLKING VOLGENS PROVINSIE EN STEDELIKE OF PLATTELANDSE GEBIED - Persent

Race Ras	1960	1951	1946	1936	1921	1911	1904
TOTAL - TOTAAL							
SOUTH AFRICA				SUID-AFRIKA			
W.-B.	19.3	20.8	20.8	20.9	22.0	21.4	21.6
C.-K.	9.4	8.7	8.1	8.0	7.9	8.8	8.6
A.	3.0	2.9	2.5	2.3	2.4	2.5	2.4
Ban.	68.3	67.6	68.8	68.8	6.77	67.3	67.4
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
URBAN - STEDELIK							
W.-B.	34.5	38.0	40.1	42.7	46.7	44.8	48.6
C.-K.	13.8	13.3	12.9	13.8	14.5	17.2	18.5
A.	5.3	5.2	4.7	4.9	5.1	4.8	3.7
Ban.	46.4	43.5	42.3	38.6	33.7	33.2	29.2
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
RURAL - PLATTELAND							
W.-B.	6.1	7.8	8.6	10.2	12.4	13.6	13.3
C.-K.	5.6	5.2	5.1	5.2	5.3	6.0	5.6
A.	0.9	1.1	1.1	1.0	1.3	1.8	1.9
Ban.	87.4	85.9	85.2	83.6	81.0	78.6	79.2
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
TOTAL - TOTAAL							
CAPE				KAAP			
W.-B.	18.7	21.1	21.5	22.4	23.4	22.7	24.1
C.-K.	24.8	22.2	20.4	19.3	17.4	17.7	16.4
A.	0.3	0.4	0.4	0.3	0.3	0.3	0.4
Ban.	56.2	56.3	57.7	58.0	58.9	59.3	59.1
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
URBAN - STEDELIK							
W.-B.	34.8	39.8	42.5	45.8	49.1	47.1	49.1
C.-K.	37.7	35.1	33.5	33.7	32.3	35.7	30.7
A.	0.8	1.0	1.0	0.9	0.9	1.2	1.6
Ban.	26.7	24.1	23.0	19.6	17.7	16.0	18.6
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
RURAL - PLATTELAND							
W.-B.	6.4	8.5	9.5	11.6	13.7	14.9	14.9
C.-K.	15.0	13.5	13.1	12.7	11.8	12.0	11.2
A.	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0	0.0
Ban.	78.6	78.0	77.4	75.7	74.5	73.1	73.9
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
TOTAL - TOTAAL							
NATAL				NATAL			
W.-B.	11.4	11.3	10.7	9.8	9.6	8.2	8.8
C.-K.	1.5	1.3	1.1	1.0	0.8	0.8	0.6
A.	13.3	12.4	10.6	9.4	9.9	11.2	9.1
Ban.	73.8	75.0	77.6	79.8	79.7	79.8	81.5
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
URBAN - STEDELIK							
W.-B.	27.8	30.5	33.4	34.8	37.4	40.4	47.7
C.-K.	3.6	3.3	3.2	3.0	2.5	2.7	2.9
A.	29.5	28.8	26.7	28.1	29.2	33.2	19.8
Ban.	39.1	37.4	36.7	34.1	30.9	23.7	29.6
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

TABLE (1) RACIAL COMPOSITION OF THE POPULATION ACCORDING TO PROVINCE AND URBAN OR RURAL AREA - Per cent

TABEL (1) RASSESTAMING VAN DIE BEVOLKING VOLGENS PROVINSIE EN STEDELIKE OF PLATTELANDSE GEBIED - Persent

Race Ras	1960	1951	1946	1936	1921	1911	1904
TOTAL - TOTAAL							
NATAL				NATAL			
RURAL - PLATTELAND							
W.-B.	2.1	2.5	2.4	2.7	3.1	3.0	3.9
C.-K.	0.3	0.4	0.3	0.4	0.4	0.4	0.3
A.	4.1	4.7	4.6	4.1	5.4	7.6	7.8
Ban.	93.5	92.4	92.7	92.8	91.1	89.0	88.0
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
TOTAL - TOTAAL							
TRANSVAAL				TRANSVAAL			
W.-B.	23.4	25.0	24.8	24.6	26.1	24.9	23.4
C.-K.	1.7	1.6	1.4	1.5	1.5	2.1	1.9
A.	1.0	1.0	0.9	0.8	0.7	0.7	0.8
Ban.	73.9	72.4	72.9	73.1	71.7	72.3	73.9
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
URBAN - STEDELIK							
W.-B.	36.6	39.0	40.2	42.3	46.7	42.4	47.8
C.-K.	2.9	2.6	2.5	2.8	2.9	3.7	5.0
A.	1.7	1.8	1.7	1.6	1.7	1.6	3.0
Ban.	58.8	56.6	55.6	53.3	48.7	52.3	44.2
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
RURAL - PLATTELAND							
W.-B.	7.6	9.5	10.4	12.0	14.6	15.4	14.4
C.-K.	0.3	0.3	0.4	0.6	0.8	1.2	0.7
A.	0.1	0.2	0.2	0.2	0.2	0.2	0.1
Ban.	92.0	90.0	89.0	87.2	84.4	83.2	84.8
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
TOTAL - TOTAAL							
ORANGE FREE STATE				ORANJE-VRYSTAAT			
W.-B.	20.0	22.3	23.0	26.0	30.0	33.2	36.8
C.-K.	1.8	1.5	1.6	2.4	2.9	5.1	5.1
A.	-	-	-	-	-	-	-
Ban.	78.2	76.2	75.4	71.6	67.1	61.7	58.1
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
URBAN - STEDELIK							
W.-B.	33.2	38.0	41.5	44.3	51.8	51.3	49.1
C.-K.	2.3	2.5	2.7	4.1	4.3	7.8	6.3
A.	-	-	-	-	-	-	-
Ban.	64.5	59.5	55.8	51.6	43.9	40.9	44.6
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
RURAL - PLATTELAND							
W.-B.	8.7	12.7	14.3	18.6	23.1	28.6	32.7
C.-K.	1.5	0.8	1.1	1.6	2.4	4.4	4.6
A.	-	-	-	-	-	-	-
Ban.	89.8	86.5	84.6	79.8	74.5	67.0	62.7
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

(1) See definition of urban and rural area in "Explanatory Notes," Part 2, par. 10

(1) Sien definisie van stedelike en plattelandse gebied in "Verduidelikende Opmerkings", Deel 2, par. 10.

TABLE (ii) - PERCENTAGE DISTRIBUTION OF THE POPULATION BY RACE AND PROVINCE AND IN URBAN AND RURAL AREAS (1): 1904-1960

TABEL (ii) - PERSENTASIE VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING VOLGENS RAS EN PROVINSIE EN IN STEDELIKE EN PLATTELANDSE GEBIEDE (1): 1904-1960

	(a) Total (a) Totaal				1921	1911	1904
	1960	1951	1946	1936			
Whites - Blankes							
C.-K.	32.5	35.4	36.7	39.5	42.8	45.6	51.9
N.	11.0	10.3	10.0	9.5	9.0	7.7	8.7
T.	47.5	45.6	44.8	41.0	35.8	33.0	26.6
O.F.S.-O.V.S.	9.0	8.6	8.5	10.0	12.4	13.7	12.8
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Coloureds - Kleurlinge							
C.-K.	88.1	89.0	89.3	88.6	88.8	86.5	88.7
N.	3.0	2.9	2.7	2.4	2.0	1.7	1.5
T.	7.2	6.8	6.5	6.6	5.9	6.6	5.4
O.F.S.-O.V.S.	1.7	1.3	1.5	2.3	3.3	5.1	4.3
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Asiatics - Asiats							
C.-K.	3.9	4.9	5.3	4.8	4.5	5.0	8.3
N.	82.8	81.7	81.4	83.6	86.6	87.7	82.5
T.	13.3	13.5	13.2	11.6	8.9	7.3	9.0
O.F.S.-O.V.S.	-	-	-	-	-	-	0.2
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Bantu - Bantoes							
C.-K.	27.6	29.1	29.8	31.0	34.9	37.8	40.8
N.	20.1	21.1	21.8	23.4	24.3	23.7	25.9
T.	42.4	40.7	39.9	37.1	31.8	30.4	26.8
O.F.S.-O.V.S.	9.9	9.1	8.5	8.4	9.0	8.1	6.5
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
(b) Urban (b) Stedelik							
Whites - Blankes							
C.-K.	31.4	34.1	35.2	37.9	41.4	43.8	53.9
N.	11.6	11.2	11.2	11.2	11.2	10.1	10.0
T.	48.7	47.5	47.0	43.6	38.7	37.9	28.0
O.F.S.-O.V.S.	8.2	7.1	6.6	7.3	8.7	8.3	8.1
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Coloureds - Kleurlinge							
C.-K.	85.2	85.9	86.2	85.9	87.5	86.4	88.0
N.	3.8	3.5	3.4	3.0	2.4	1.7	1.6
T.	9.6	9.2	9.0	9.0	7.8	7.6	7.7
O.F.S.-O.V.S.	1.4	1.3	1.3	2.1	2.3	3.3	2.6
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Asiatics - Asiats							
C.-K.	4.6	6.2	7.2	6.7	7.2	10.1	22.5
N.	80.2	77.7	76.5	78.8	80.2	76.7	54.4
T.	15.2	16.1	16.3	14.5	12.5	13.1	22.5
O.F.S.-O.V.S.	-	-	-	-	0.1	0.1	0.6
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Bantu - Bantoes							
C.-K.	17.8	18.1	18.1	17.9	20.8	20.1	34.0
N.	12.2	12.0	11.8	12.0	12.9	8.0	10.3
T.	58.1	60.2	61.8	60.7	56.1	63.0	43.3
O.F.S.-O.V.S.	11.9	9.7	8.4	9.4	10.3	8.9	12.3
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

TABLE (ii) - PERCENTAGE DISTRIBUTION OF THE POPULATION BY RACE AND PROVINCE AND IN URBAN AND RURAL AREAS (1): 1904-1960

TABEL (ii) - PERSENTASIE VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING VOLGENS RAS EN PROVINSIE EN IN STEDELIKE EN PLATTELANDSE GEBIEDE (1): 1904-1960

	(c) Rural		(c) Plattelands		1921	1911	1904
	1960	1951	1946	1936			
Whites - Blankes							
C.-K.	37.7	40.0	41.0	42.7	44.8	47.7	49.7
N.	7.9	7.2	6.3	6.1	5.8	5.1	7.3
T.	41.7	38.5	38.5	35.7	31.7	27.6	25.1
O.F.S.-O.V.S.	12.7	14.2	14.2	15.5	17.8	19.7	17.9
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Coloureds - Kleurlinge							
C.-K.	94.5	95.0	94.2	92.2	90.1	86.6	89.5
N.	1.3	1.6	1.5	1.7	1.6	1.7	1.4
T.	1.9	2.0	2.4	3.5	3.9	4.7	3.1
O.F.S.-O.V.S.	2.3	1.4	1.8	2.6	4.4	7.0	6.1
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Asiatics - Asiats							
C.-K.	0.2	0.3	0.4	0.3	0.5	0.4	0.1
N.	95.4	95.3	94.7	94.9	96.1	97.6	98.7
T.	4.4	4.4	4.9	4.8	3.3	1.9	1.2
O.F.S.-O.V.S.	-	-	-	-	-	-	-
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Bantu - Bantoes							
C.-K.	32.1	33.4	33.5	34.0	37.2	40.3	41.6
N.	23.8	24.7	25.0	26.2	26.1	25.9	27.7
T.	35.1	33.2	33.0	31.7	27.9	25.8	25.0
O.F.S.-O.V.S.	9.0	8.8	8.5	8.1	8.8	8.0	5.8
Tot.	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

(1) See note, Table (i)

(1) Sien nota, Tabel (i)

TABLE (iii) PERCENTAGE OF POPULATION LIVING IN URBAN AREAS (1)

TABEL (iii) PERSENTASIE VAN BEVOLKING IN STEDELIKE GEBIEDE WOONAGTIG (1)

Race Ras	1960	1951	1946	1936	1921	1911	1904
SOUTH AFRICA							
SUID-AFRIKA							
W.-B.	83.3	78.7	74.7	67.2	59.3	52.3	52.7
C.-K.	68.1	66.0	61.3	56.7	51.6	48.8	50.5
A.	83.1	77.5	72.9	70.0	60.2	47.3	36.6
Ban.	31.7	27.8	23.8	18.5	13.8	12.3	10.1
Tot.	46.6	43.2	38.6	32.9	27.9	24.9	23.4
KAAP							
W.-B.	80.6	75.9	71.7	64.5	57.5	50.1	54.7
C.-K.	65.8	63.8	59.2	55.0	50.9	48.8	50.1
A.	99.3	98.7	98.2	97.9	95.3	95.7	98.9
Ban.	20.5	17.3	14.4	10.7	8.2	6.2	8.4
Tot.	43.3	40.3	36.2	31.6	27.3	24.2	26.8
NATAL							
W.-B.	88.0	85.2	84.0	78.8	74.0	68.4	60.5
C.-K.	85.9	80.9	77.8	69.0	61.4	48.9	54.6
A.	80.5	73.8	68.5	65.9	55.7	41.3	24.1
Ban.	19.2	15.8	12.8	9.4	7.3	4.1	4.0
Tot.	36.2	31.7	27.1	22.1	18.9	13.9	11.1
TRANSVAAL							
W.-B.	85.3	82.0	78.3	71.4	64.0	60.1	55.4
C.-K.	91.7	89.8	85.8	77.3	67.8	63.4	71.9
A.	94.4	92.6	89.9	87.6	85.0	85.9	91.8
Ban.	43.5	41.1	36.9	30.3	24.3	25.5	16.3
Tot.	54.6	52.7	48.3	41.5	35.8	35.3	27.2
ORANJE-VREYSTAAT							
W.-B.	76.3	64.9	57.7	49.3	41.7	31.6	33.6
C.-K.	56.8	64.8	53.0	51.2	36.0	31.1	31.5
A.	-	-	-	-	-	-	-
Ban.	37.9	29.9	23.6	20.9	15.8	13.6	19.3
Tot.	45.9	38.2	31.9	29.0	24.2	20.4	25.1

(1) See note, Table (i)

(1) Sien nota, Tabel (i)

TABLE (iv) PERCENTAGE OF POPULATION LIVING IN AREAS CLASSIFIED AS URBAN IN 1960 ACCORDING TO SIZE OF POPULATION OF AREA 1904-1960 (1)

TABEL (iv) PERSENTASIE VAN BEVOLKING WOONAGTIG IN GEBIEDE WAT IN 1960 AS STEDELIK INGEDEEL IS VOLGENS GROOTTE VAN DIE BEVOLKING OF GEBIED (1)

Population of urban area Bevolking van stedelike gebied	1960	1951	1946	1936	1921	1911	1904
ALL RACES - ALLE RASSE							
Total Population - Totale bevolking							
All urban areas - Alle stedelike gebiede	46.6	43.2	38.6	32.9	27.9	24.9	23.4
500 +	46.6	43.1	38.5	32.6	27.3	24.5	23.1
1,000 +	46.1	42.5	36.9	31.6	26.2	23.4	22.3
2,000 +	44.9	40.8	35.1	29.9	24.2	21.3	20.2
5,000 +	41.0	37.3	31.7	26.5	20.8	18.5	17.3
10,000 +	38.1	34.6	29.3	24.2	18.8	17.1	15.2
20,000 +	35.4	31.7	27.0	22.6	17.1	15.8	13.4
WHITES - BLANKES							
All urban areas - Alle stedelike gebiede	83.3	78.7	74.7	67.2	59.3	52.3	52.7
500 +	81.4	76.7	72.2	64.2	55.7	48.9	49.9
1,000 +	78.0	72.9	68.3	60.5	51.3	44.3	45.5
2,000 +	74.1	68.7	63.8	55.6	46.1	39.3	40.9
5,000 +	68.2	61.9	58.2	49.5	39.9	35.6	36.0
10,000 +	63.4	56.5	53.5	45.7	35.9	31.9	30.7
20,000 +	57.1	52.9	50.2	40.3	29.8	24.0	24.7
COLOUREDS - KLEURLINGE							
All urban areas - Alle stedelike gebiede	68.1	66.0	61.3	56.7	51.6	48.8	50.5
500 +	65.0	62.1	57.0	51.0	44.2	42.2	45.0
1,000 +	62.4	58.4	52.2	46.2	38.4	36.7	39.6
2,000 +	55.4	51.6	46.3	40.2	32.0	28.4	30.0
5,000 +	49.0	44.5	38.7	32.3	26.5	23.2	21.3
10,000 +	42.3	39.5	34.1	27.1	22.9	19.4	16.3
20,000 +	39.4	34.6	30.2	27.1	18.1	14.9	14.0
ASIATICS - ASIATE							
All urban areas - Alle stedelike gebiede	83.1	77.5	72.9	70.0	60.2	47.3	36.6
500 +	79.9	73.2	67.3	63.8	53.2	41.5	33.1
1,000 +	76.9	70.8	63.4	59.8	47.4	38.2	30.7
2,000 +	71.5	62.6	59.6	55.0	44.2	33.5	24.8
5,000 +	65.5	60.7	56.3	50.7	39.9	29.4	17.6
10,000 +	60.7	56.7	52.0	46.3	35.4	24.2	13.2
20,000 +	60.7	51.4	41.8	41.7	35.4	24.2	0.0
BANTU - BANTOES							
All urban areas - Alle stedelike gebiede	31.7	27.8	23.8	18.5	13.8	12.3	10.1
500 +	31.3	27.3	23.3	17.9	12.8	11.4	9.4
1,000 +	30.7	25.8	22.4	16.8	12.0	10.6	8.6
2,000 +	29.2	25.0	20.8	15.5	10.7	9.9	7.7
5,000 +	26.2	22.1	18.5	13.8	9.5	8.7	6.3
10,000 +	24.1	20.7	17.7	12.9	8.8	8.1	5.8
20,000 +	21.5	18.6	16.5	11.9	6.3	5.4	1.7

(1) See note, Table 1


(1) Sien nota, Tabel 1


TABLE (v) AVERAGE ANNUAL RATES OF POPULATION GROWTH,
1904 - 1960 (1)

Period Tydperk		Total Totaal	W.-B.	C.-K.	A.	Ban.
1904 - 1911	Tot.	2.07	1.93	2.39	3.12	2.03
	Urb.-Sted.	2.99	1.80	1.89	6.98	4.91
	Rur.-Plat.	1.76	2.03	2.88	0.46	1.66
1911 - 1921	Tot.	1.49	1.76	0.37	0.73	1.57
	Urb.-Sted.	2.63	3.07	0.93	3.18	2.77
	Rur.-Plat.	1.09	0.15	-0.19	-2.04	1.39
1921 - 1936	Tot.	2.19	1.86	2.32	1.90	2.29
	Urb.-Sted.	3.33	2.70	2.97	3.02	4.29
	Rur.-Plat.	1.71	0.41	1.56	0.08	1.91
1936 - 1946	Tot.	1.76	1.70	1.89	2.65	1.73
	Urb.-Sted.	3.41	2.78	2.69	3.07	4.33
	Rur.-Plat.	0.86	-0.90	0.76	1.59	1.05
1946 - 1951	Tot.	2.10	2.18	3.51	5.15	1.79
	Urb.-Sted.	4.41	3.26	5.06	6.44	5.03
	Rur.-Plat.	0.55	-1.31	0.85	1.32	0.70
1951 - 1960	Tot.	2.54	1.69	3.43	2.87	2.65
	Urb.-Sted.	3.38	2.30	3.76	3.63	4.10
	Rur.-Plat.	1.85	-0.90	2.71	-0.25	2.04
1904 - 1960	Tot.	2.02	1.82	2.19	2.44	2.04
	Urb.-Sted.	3.28	2.65	2.73	3.95	4.14
	Rur.-Plat.	1.37	-0.40	1.40	0.07	1.55
1921 - 1960	Tot.	2.15	1.82	2.62	2.76	2.17
	Urb.-Sted.	3.52	2.70	3.35	3.61	4.35
	Rur.-Plat.	1.37	-0.46	1.54	0.54	1.57

(1) See note, Table (1)
(1) Sien nota, Tabel (i)

TABEL (v) JAARLIKSE GEMIDDELDE SYFERS VAN DIE GROEIKOERS
VAN DIE BEVOLKING, 1904 - 1960 (1)





GIDS VIR EKONOMIESE STREEKE.

GUIDE TO ECONOMIC REGIONS.

Ekonomiese Streek No.	Landdrost-distrik	Economic Region No.	Magisterial District	Ekonomiese Streek No.	Landdrost-distrik	Economic Region No.	Magisterial District
K A A P / C A P E							
01	Bellville Kaap/Cape Simonstad/ Simonstown Wynberg	15	Hay Kenhardt Prieska	33	Eshowe Mtunzini	49	Balfour Bethal Delmas Heidelberg Nigel Standerton
		16	Gordonia Kuruman Mafeking Postmasburg Vryburg	34	Camperdown Kranskop Mapumulo Mdwedwe New Hanover Pietermaritzburg		50
02	Ceres Montagu Paarl Robertson Somerset-Wes/West Stellenbosch Strand Tulbagh Wellington Worcester	17	Barkly-Wes/West Hartswater Herbert Kimberley Taung Warrenton	35	Alfred Ixopo Richmond	51	Barberton Letaba Lydenburg Nelspruit Pelgrimsrus/ Pilgrim's Rest Witriver/ White River
03	Hopefield Malmesbury Piketberg Vredenburg	19	Adelaide Barkly-Oos/East Bedford Cathcart Elliot	37	Habanango Dannhauser Dundee Glencoe Newcastle Ngotane Paulpietersburg Utrecht Vryheid	ORANJE - VRYSTAAT ORANGE FREE STATE	
04	Bredasdorp Caledon Heidelberg Hermanus Riversdal/ Riversdale Swellendam	20	Fort Beaufort Glen Grey Herschel Indwe Keiskammahoek Komga Lady Grey Maclear Middledrift Molteno Queenstown Sterkstroom Stookenström Stutterheim Tarka Victoria-Oos/East Wodehouse			60	Bethulie Edenburg Phillippolis Rouxville Smithfield Trompsburg
05	George Knysna Mosselbaai			38	Mahlabatini Mtonjaneni Ingwavuma Nongoma Nqutu Ubombo	61	Boshof Fauresmith Jacobsdal Jagersfontein Koffiefontein Petrusburg
06	Hankey Humansdorp Joubertina Uniondale	21	Bizana Flagstaff Lusikisiki Matatiele Mount Ayliff Mount Currie Mount Fletcher Mount Frere Tabankulu Umzimkulu	T R A N S V A A L		62	Bloemfontein Brandfont Bultfontein Dewetsdorp Hoopstad Reddersburg Thaba Nchu Theunissen Winburg
07	Calitzdorp Ladismith Oudtshoorn			40	Johannesburg		
08	Port Elizabeth Uitenhage	30	Durban Pinetown	41	Alberton Benoni Boksburg Brakpan Germiston Kempton Park Springs	64	Bothaville Frankfort Heilbron Hennenman Koppies Kroonstad Lindley Marquard Parys Reitz Senekal Venterburg Viljoenskroon Vredefort Wesselsbron
09	Albany Alexandria Bathurst Kirkwood			42	Krugerdsorp Oberholzer Randfontein Tsolo Tsono Umtata Willowvale Xalanga		
10	Aberdeen Jansenville Tevierville Willowmore	31	Port Shepstone Umlazi Umzinto	44	Vanderbijlpark Vereeniging	65	Sasolburg Bethlehem Harrismit Vrede
11	Albert Alwal-Noord/North Colesberg Cradock Graaff-Reinet Hanover Maraisburg Middelburg Murraysburg Noupoort Pearston Richmond Somerset-Oos/East Steynsburg Venterstad			45	Eloemhof Christiana Coliomy Delareyville Klerksdorp Lichtenburg Potchefstroom Schweizer-Reneke Venterdorp Wolmaransstad		
12	Beaufort-Wes/West Calvinia Carnarvon Fraserburg Laingsburg Prins/Prince Albert Sutherland Victoria-Wes/West Williston	32	Inanda Lower Tugela	47	Messina Pietersburg Potgietersrus Sibasa Soutpansberg Warmbad Waterberg	67	Clocolan Ficksburg Fouriesburg Ladybrand Wepener Zastron
13	Britstown De Aar Hopetown Philipstown			48	Bronkhorstspuit Cullinan Groblersdal Middelburg Witbank		
14	Clanwilliam Namaqualand Vanrhynsdorp Vredendal						